

Lees: 1 Samuel 7:2-17

Teks: 1 Samuel 7:12

Datum: 16 Junie 2019. Afskeidspraak

Psalms: 122:1-2; 119:62; 46:1-3; 46:4-6

1. Inleiding

Wanneer jy as predikant op die punt kom van aftrede, gaan jou gedagtes ver terug, na God se hulp oor al die jare heen.

Dan dink ek aan die dag in 1984 toe ek in die Gereformeerde Kerk Cullinan deur ds MJ Booyens in die amp bevestig is. By daardie geleentheid was sy teks Johannes 1 vers 29. Toe Johannes die Doper wys na Jesus en sê: ***Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Dít*** was wat my hele bediening moes wees: **een groot vingerwysing na Christus. Christus alleen**. Daarheen het God se helpende hand my gelei en gedring.

Toe ek my intreespraak in hierdie gemeente van Pretoria-Rooiwal gehou het in 2003, was my teks 1 Korintiërs 2:1-2: ***...ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde***. Dit was weer: Christus alleen.

In 2008 het my boek *Troos, troos my volk* verskyn. Voorin my kopie het ek ons teks van vandag geskryf: ***Ebenhaeser ...Tot hiertoe het die HERE ons gehelp***. En ek het daarby geskryf: Tot hiertoe het die HERE my gehelp – en Hy sal dit vorentoe ook doen.

... En Hy **hét** my gehelp om Christus te bly verkondig. Christus alleen.

Dit was ook die naam van my tuisblad: Deur Christus alleen.

Ebenhaeser – tot hiertoe het die HERE **my** gehelp. En die geskiedenis van sy hulp het my steeds moed gegee vir die toekoms.

Ebenhaeser – tot hiertoe het die HERE ook **ú**, ja **ook ú, gemeente van Rooiwal**, gehelp.

U moet terugkyk in die geskiedenis van u bestaan as gemeente en bely: Tot hiertoe het die HERE ons gehelp. En dit is nie al nie. Hy **sál** dit ook vorentoe doen. Dit leer die les van ons geskiedenis ons.

Kom ons kyk na die troosryke les van die geskiedenis aan die hand van ons teks.

Die Bybel is vol **geskiedenis**. Maar die Bybelse geskiedenis 'n baie besondere geskiedenis. Dit vertel ons van die HERE se dae, van sy hulp aan sy kerk.

- Die Bybel verhaal die geskiedenis van sy almagtige Evangelie, hoe Hy ons gehelp het deur die kruis en opstanding van Christus.

Hierdie Bybelse geskiedenis van die HERE se hulp het 'n baie besondere bedoeling:

- **SODAT** ons God uit die **verlede** sal leer ken en
- **SODAT** ons met hierdie kennis van God met vertroue die **toekoms** tegemoet sal gaan.

=> **Die Bybelse geskiedenis gee Godskennis** en die Godskennis bring **Godsvertroue**

In verband met ons teks let ons op die volgende drie punte: **Samuel rig 'n monument op**:

1. Die **monument** spreek van God se hulp;
2. die monument is 'n herinnering aan God se hulp in die **verlede**; en
3. die monument van God se hulp roep op tot vertroue in die **toekoms**.

2.1. Die monument van God se hulp

Die wêreld staan vol stene, monumente. Oral is daar monumente, kleines en grotes. Hier staan 'n magtige triomfboog en daar 'n gedenknaald. Hier staan weer 'n indrukwekkend monument en op 'n ander plek piramides wat hoog in die lug op rys.

Al hierdie monumente vertel iets. Hulle herinner ons aan wat in die verlede gebeur het. Die een roep in ons herinnering op die dae van 'n groot en magtige koning. Die piramides in Egipte is sulke monumente: die geweldige optrede, die indrukwekkende dae van hierdie of daardie Faraos mag nie vergeet word nie. Die herinnering aan dit wat hy reggekry het, moet verewig word. Dan is daar ook die monumente wat herinner aan die volkshelde van weleer. Die volk mag sy groot manne en hulle dapper dae nie vergeet nie. Deur 'n monument moet die nasate blywend herinner word aan wat daardie manne en vroue gedoen het.

In ons tekshoofstuk hoor ons ook van so 'n steen of monument Máár hierdie steen verskil radikaal van die meeste ander stene in die wêreld. **Op die groot verskille moet ek u aandag vestig**:

1. Die groot verskil lê *eerstens* daarin dat hierdie monument **nie herinner aan menslike dade of menslike helde** nie. Dit herinner Israel, die kerk, aan *die dade van God*, aan sy hulp tot bevryding van sy volk. Sekerlik, Israel se soldate het dapper geveg. Sekerlik, Israel se generaals het groot dade verrig. Maar van dit alles sê hierdie steen niks nie. Inteendeel, slegs God se werk kom ter sprake. Aan God alleen al die eer! Geloofd sy die HERE! Ebenhaeser! Tot hiertoe het die HERE ons gehelp.

Ons monumente besing heel dikwels net die glorie van mense. Daarenteen verkondig die steen van Samuel net die eer van God alleen. Of anders gesê: Dit preek van Christus alleen, van sy hulp

2. Wat *tweedens* so besonders is aan hierdie steen, is dat dit nie alleen agtertoe wys nie, maar ook *vorentoe: ook vorentoe sál die HERE help*. Met ons monumente is dit anders: ons word herinner aan **ons helde** in die verlede en ons staatmanne van naam, maar **hulle kan ons vandag nie meer help nie**. Hulle is dood. En dooie mense kan ons in die nood van die hede en in ons sorg ten opsigte van die hede nie help nie. Daarenteen is die God van Ebenhaeser die altyd lewende, wat altyd daar is om sy volk te red en te bewaar. Hy was daar deur alle eeue heen vir sy volk. Hy sal ook heerlik reddend daar wees in die in die jare wat nog voor mag lê – ja, ook vir Rooiwal.

Ek wil vervolgens met u by hierdie twee aspekte stilstaan: hierdie steen van Samuel wat **agtertoe** en **vorentoe** wys.

Die steen van Samuel wys in die eerste plek **agtertoe**. Dit is eerstens

2.2. 'n monument van God se hulp in die verlede

Die dae wat beskryf word in 1 Samuel 7 moes vir Samuel mooi dae gewees het. Hoeveel jare was hy nie profeet en rigter in Israel nie. En hoeveel jare der jare het hy geen vrug gesien op sy arbeid nie. Onvermoeid het hy die Woord bly verkondig - skynbaar sonder enige effek. Maar hier skielik word die woord van Jesaja 55:10-11 vervul: *Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur*. Die saad wat Samuel gesaai het, het dus vrug opgelewer

Ja, want ons hoor skielik dat die hele huis van Israel *agter die HERE aan weeklaag, huil* (v.2). Hierby mag ons dink aan 'n klein kind wat verdrietig agter sy moeder aan drentel. Die positiewe daarvan is dat die verwagting van die verdrietige kind heeltemal op die moeder gerig is. So was dit ook in Israel. Die volk was verdrietig oor hulle ellendige toestand onder die druk van die Filistyne en nou rig hulle hulle verwagting op die HERE. **Hy alleen kan help.**

In hierdie bekering, in hierdie terugkeer van Israel na God toe, moet ons alreeds die HERE helpend aan die werk sien. Dat Israel God soek, is alleen danksy sy hulp. Immers, uit onself soek geen mens sy hulp by die HERE nie. Steeds is dit 'n wonder wat deur die helpende hand van die gepredikte Woord gewerk word. Die Woord van God bring ons terug by die Woord van God en by die HERE van die Woord. Deur Christus alleen.

Die volk begin dus na lang tyd weer die HERE soek. Bekering noem ons dit. Maar ware bekering moet ook uitkom in daade. Daarom spreek Samuel hulle aan en sê vir hulle: " As julle met jul hele hart julle tot die HERE bekeer, verwyder dan die vreemde gode en die Astartes onder julle uit, en rig julle hart op die HERE en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne" (v.3).

Israel word vervolgens saamgeroep vir '**n vas- en boetedag**, 'n dag van verootmoediging kan ons maar sê, in Mispa. Daar **bid** Samuel vir die volk. Hier hoor ons van die **eerste gebed** in ons tekshoofstuk. Gebed is so belangrik. Gebed is niks anders nie as 'n roep om Christus alleen , om sy wonderwerke, om sy hulp.

Wat dan gebeur, klink miskien met die eerste hoor eenaardig: wanneer die Filistyne uitvind van die samekoms in Mispa, trek hulle in oorlog op teen die Israëliete. Ons moet dit egter so verstaan: waar die HERE werk, werk die duiwel ook. As Israel na God begin vra, en die lig van verlossing begin deurbreek, daag die Satan ook op, wat die volk van die verlossing wil beroof. Hierdie aanval van die Filistyne moet u daarom nie bloot as militêre aanslag sien nie, maar daar agter sit iets satanies.

Die reaksie van die Israëliete is enersyds vrees. Maar andersyds het hulle ook uit Psalm 124:8 gewet waar hulle hulp vandaan kom: **Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.** Dit hoor ook ons aan die begin van elke diens: **Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.** Die Ou Testament is vol van sulke woord dat God help en dat Hy sy kerk se Helper is. Daarom vra Israel vir Samuel om vir hulle voorbidding te doen: bid dat die HERE ons sal help en verlos. Vir die **tweede keer** hoor ons

van die **gebed**. En die wonder gebeur: op die offer en voorbede van Samuel gryp die HERE reddend in.

Die rol wat die **voorbidding en die offerandes** in hierdie geskiedenis speel, moet ons tog nie miskyk nie. Dit is in antwoord op **gebed en offer** dat die HERE sy kerk verlos: Die HERE help en die Filistyne word verslaan.

Dit is **na hierdie hulp van die HERE** dat Samuel die steen tussen Mispa en Sen opgerig het en dit Ebenhaeser - steen van hulp - genoem het. Israel moes blywend herinner word aan dit wat God in hulle verlede gedoen het. God wil geprys word vir sy verlossing – ook deur ons!

Ons kan terugkyk op ons gemeente, op Rooiwal se geskiedenis. Elke diens wat u oor die jare beleef het, elke diens waar Christus alleen verkondig is, is 'n **genade-wonder**. MAAR ons moet sekerlik in die eerste plek terugkyk na die grootste monument van God se verlossing: Golgota! 'n Groter monument van God se hulp is daar nie. 'n Heerliker bewys van sy liefde is daar nie. In sy Seun se kruis en opstanding kan u uitgespel sien wat die hulp van God is. Hy help ons deur sy Seun.

Dat ons nie in die jare en eeue wat verby is nie vir altyd in die kloue van die Satan geval het nie, dat ons nog glo, dat daar nog 'n kerk is, dat die evangelie nog suiwer verkondig word, dat daar nog kerkdienste was - dit was nie te danke aan mense nie, maar dit is alles te danke alleen aan **ons biddende Hoëpriester en sy kruisoffer**. Daaglik bid Christus vir ons op grond van sy offer – dit is gebed en offer Dit is sy werk wat afgebeeld word in die **offers en voorbidding van Samuel**. En omdat Hy vir ons bid en bid op grond van sy volmaakte kruisoffer, is ons veilig en is die voortbestaan van die kerk verseker. So help God.

Hierdie geskiedenis leer ons dat God wil hê dat ons sy verlossingswerk in ons gemeentegeskiedenis en in die Bybelse geskiedenis dankbaar in herinnering moet bring.

Maar die steen van 1 Samuel 7 leer ons nie alleen om te **dank** nie, maar ook om te **vertrou**. Die steen van Samuel is in die tweede plek ook:

2.3. 'n monument van God se hulp vir die toekoms

Wanneer Samuel die steen opgerig het, sê hy daarby: *Tot hiertoe het die HERE ons gehelp*.

Tot hiertoe.... Dit moet ons sekerlik nie so verstaan as sou dit beteken: tot hiertoe en nie verder nie. Of: tot hiertoe en verder moet ons maar sien wat die toekoms oplewer en of die HERE weer so reddend en bewarend in ons lewe sal ingryp nie.

Inteendeel, daardie *tot hiertoe*, hou ook in: **van hieraf én vorentoe aan**: ook vorentoe aan sal die HERE help. Die geskiedenis van God se hulp en die herinnering aan sy hulp in die verlede het juis tot bedoeling om ons blywend daaraan te laat dink: die HERE wat in die geskiedenis sy volk so wonderbaarlik gered het, sal en kan dit ook in die toekoms doen. Hy is nog die selfde steeds ewe getrou en sterk. Hy was gister 'n hoorder van die gebede van sy kerk en 'n verhoorder van die voorbidding van sy Seun. So is Hy vandag nog.

Nêrens anders kry ons 'n dieper kyk in God se Vaderhart as op Golgota nie. Nerens anders kry ons 'n heerliker bewys van sy liefde en sy sorg vir sy kerk nie. Golgota is een groot, magtige monument van sy sorg. En nie net dit nie. Die kruis is ook die waarborg en die grond en die oorsaak en die rede waarom Hy ons ook in die toekoms vir sal help.

Ja, ons moet eintlik sê: die hele Bybel is een groot monument van God se hulp. Die Bybel is nie 'n boek wat ons vertel van die groot dade van mense, van 'n Abraham of 'n Simson, of 'n Dawid, of wie ook al nie. Dit is die Boek wat ons vertel van God, wat Hy gedoen het en nog steeds doen tot heil van sy kerk en tot verlossing van sy kinders. Wie by hierdie monument gaan stilstaan en daardie monument lees en herlees, sal met vertroue die toekoms tegemoet gaan.

3. Slot

Die HERE roep ons op om met dankbaarheid terug te kyk en te bely: tot hiertoe het die HERE ons gehelp.

Maar ons word ook opgeroep om, getroos deur die geskiedenis van God se hulp, met vertroue die dag van more aan te durf.

AMEN